

Goeie Vrydag, 10 April 2020

Fokusteks: Jesaja 52:13 - 53:12

Dit is 'n somber tyd wat ons nou beleef. Daar is meestal slegte nuus. Elke dag hoor ons die nuutste infeksietelling en die nuutste sterftesyfer weens die Coronavirus. Ons sien die geweldige negatiewe uitwerking op die finansiële markte. Die inperkings wat aangekondig is beperk ons vryheid van beweging. Baie mense moet in uitdagende omstandighede probeer oorleef. Ons hou ons asems op oor wat nog vir ons as inwoners van hierdie land voorlê. Ons het nie al die antwoorde nie. Niemand weet regtig hoe die toekoms sal lyk nie. Ons het 'n behoefte aan goeie nuus vir 'n slag. Vandag se fokusteks bring vir jou goeie nuus. Dit word nie verniet "Goeie Vrydag" genoem nie! Daar was ook goeie nuus vir Israel toe dit met hulle baie sleg gegaan het. God het jou toekoms in sy hand. Jy is, in lewe en in sterwe, veilig in God se hande. Hy sal sy genade nie van jou terughou nie.

Jesaja 52:13 - 53:12

¹³My dienaar sal voorspoedig wees. Hy sal hoog in aansien wees, hy sal baie eer ontvang.

¹⁴Baie mense was ontsteld oor hom, hy was só misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie.

¹⁵Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie.

53 Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?

²Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.

³Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

⁴Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.

⁵Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

⁶Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

⁷Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

⁸Terwyl hy gelyk het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

⁹Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.

¹⁰Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly.

As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.

¹¹Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken.

My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.

¹²Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het.

Hierdie woorde wat ons so pas gelees het, is woorde van troos, woorde van hoop. Dit is gerig aan mense wat moedeloos is, hoop-loos. Hulle voel afgesny van hul identiteit as 'n nasie, afgesny van God. Dit is in die tyd van ballingskap. Daar is vir hulle geen uitsig om weer terug te keer na hul grond nie. Daar bestaan nie 'n grondeise-kommissie van die regering om na toe te gaan nie. Maar uit die bloute kom daar 'n wekroep – 52:1,2 - *Word wakker! Ruk julle reg! Skud die stof van jou af...* 52:11 – *Gee pad..., kom uit Babel!* En dan sekerlik een van die mooiste beloftes in die Bybel – 52:12: *Die Here gaan voor julle uit, die God van Israel kom agter julle aan.*

Watter wonderlike nuus! Daar is dalk weer hoop. Kan dit waar wees wat die profeet van die Here vir hulle sê? Hierdie boodskap van goeie nuus roep egter 'n paar vrae op. Hier sit hulle in gevangenskap. Hoe gaan hulle hieruit vrykom? Wie gaan hulle almal bymekaarbring? Hulle is sonder leierskap, sonder iemand wat, soos Moses van ouds, vir hulle kan teruglei na hul land. Hoe gaan dit alles gebeur? Is verlossing regtig moontlik?

Tot nou toe was Israel die dienaar van die Here. Hulle moes die lig van God na die nasies neem. In plaas daarvan was hulle hardkoppig, selfvoldaan en ongehoorsaam aan God se wil. Hulle gedurige sonde en afvalligheid het hulle gediskwalifiseer om die betroubare dienaar van God te wees. Nou gaan die Here iets nuuts doen. Hy gaan 'n ander dienaar aanstel. Hierdie nuwe dienaar, wat ook die naam Israel dra, sal die verhouding tussen Israel en God herstel. Hy sal ook die lig van God na die nasies bring sodat die redding wat God bring al die nasies kan bereik (Jes.49:5,6).

In en deur hierdie dienaar gaan die Here sy reddingsplan deurvoer. Hy sal hoog, verhewe, geëerd en voorspoedig wees. Niemand hoef te twyfel of hy sal slaag nie. Hy sal sy doelwit, altans, God se doel bereik. Dit is genademusiek op hierdie mense se ore. Kan jy dalk onthou van 'n moeilike situasie waarin jy verkeer het, en toe skielik goeie nuus ontvang het? Nuus wat 'n verrassende uitkoms gebring het? Dan sal jy iets verstaan van wat Israel ervaar.

Maar dan deins hulle skielik terug, geskok en verslae. Wat hulle sien, kan tog nie God se antwoord wees nie. Hierdie dienaar gaan dit skynbaar nie maak nie. Nie op die oog af nie. Nee, dis dan 'n jammerlike, misvormde figuur wat nie eens na 'n mens lyk nie! Volgens 53:2,3 sien niemand hom raak nie. Hy lyk glad nie mooi nie. Trouens, die mense vermy hom. Hy kan selfs nie sy mond oopmaak en terugpraat nie. Hy lyk soos 'n stomme skaap by die slagpale. Wat meer is, dit lyk of hy siektes het. Hou jou afstand, sit op jou gesigmasker en trek aan jou handskoene. Bly weg of jy steek aan...

Maar die ergste van alles, dit lyk asof die Here ook nie van hom hou nie. Dit lyk asof hy ernstig teen God oortree het en nou straf verduur. Hy word deur almal verag en gehaat. Hy is op pad na sy graf, en volgens 53:9 is sy graf by die goddeloses en sondaars. Kan hy dan iemand red? Hoe kan 'n verloorder terselfdertyd 'n wenner wees?

Maar die ontnugtering is dat dit God se wil is om hom so te laat ly. Waarom sal God dit wil doen?

Die oorsaak van hierdie dienaar se lyding is nie die dienaar self nie, ook nie God nie. Die ontnugtering vir hierdie hoorders is dat hulle ontdek dat dit alles plaasvind vanweë hulle eie sonde en ongehoorsaamheid. Hulle staan nie as toeskouers om te kyk wat gebeur nie; hulle is deelnemers. En hulle deelname sê dis as gevolg van hulle sonde. Jes.53:4-6 sê dit baie duidelik – dit is *óns lyding, óns swaarkry, óns siektes, óns sondes, óns swakheid*. Dis hoekom die dienaar lyk soos wat hy lyk. Maar hoekom wil God hom laat ly? Dis ter wille van lewe. Óns lewe. Óns redding. Die dienaar ly in ons plek. God kan nie maar die sonde net so laat nie; Hy moet dit straf. Maar die straf sal op die dienaar afkom, nie ons nie.

Jes.53:7 sê die dienaar sal soos 'n lam na sy slagplek gelei word. Johannes die Doper het later, toe hy vir Jesus sien, van Hom gesê: *Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (Joh.1:29)* Uiteindelik sal Jesus God se dienaar word in wie hierdie profesie vervul word.

Wat sê hierdie gedeelte vandag oor God? Dit sê dat God 'n God van vergifnis is. By Hom is daar genade. Dit bring die goeie nuus dat ek, wat verdien het om verlore te wees, weer lewe. Maar dan hoor ons ook dat ons slegs gered kan wees deur die offer van Jesus. Op geen ander manier nie. Ons deel in hierdie redding deur Jesus se offer te aanvaar as 'n geskenk.

Dit help ons om te verstaan dat ons geluk nie bestaan in die herstel van ons eie persoonlike mag en belangrikheid nie. Die probleem met Israel was dat hulle gedink het God sal hulle polities en militêr onoorwinlik maak. En dit terwyl God eintlik deur hulle aan die res van die nasies wou demonstreer wie Hy as God is. Israel was veronderstel om lig te wees, maar hulle het telkens behep met hulself geraak, sodat hulle hul eie lig wou laat skyn i.p.v. God s'n. In God se oë moes hulle gestuurdes wees, mense wat gestuur word met 'n boodskap van hoop en nuwe lewe. Hulle kon egter nooit volmaak daarin slaag nie. Uiteindelik moes die Vader sy Seun stuur. Jesus het die boodskap van lig, hoop en nuwe lewe geword. Sy styl was nie om te vernietig nie, maar op te bou.

Die styl van mense wat die goeie nuus ontvang het, wat redding en vergifnis ontvang het, moet dieselfde wees as dié van die ware en betroubare Denaar. Jesus was groot genoeg om klein genoeg te word, vol genoeg om Homself leeg te maak vir ander. Wat ons doen, doen ons vir die Here. Wat ons verkry, kom van die Here. Wat ons gee, gee ons vir die Here. Mense wat ontdek wat die Here vir hulle gedoen het, is gestroop van selfsug, van persoonlike mag en eer. Soos wat die lydende dienaar weerloos was, so sal die kerk ook vir ander mense lyk. Maar ons krag lê in God, en deur afhanklik van Hom te lewe. Wanneer ons aan onself sterf, word ons ook dienaars van die Heer. Dan word ons "strome van seën" vir ander mense.

Hierdie goeie nuus is nie net vir jou bedoel nie. Ontvang dit, maar deel dit ook aan mense wat dit nodig het. Veral in 'n tyd soos nou.

Geloofsbelydenis

Ek glo in God – God die Vader.

Ek glo dat Hy alles gemaak het en steeds daarvoor sorg.

Ek glo in God – God die Seun.

Ek glo dat Hy moes ly om die *toorn* van God oor my sonde te dra.

Ek glo dat Hy juis onder Pontius Pilatus gely het en onregverdig veroordeel is om die *oordeel* van God oor my sonde te dra.

Ek glo dat Hy juis 'n kruisdood moes sterf om die *vloek* van God oor my sonde te dra.

Ek glo dat Hy dit vir my persoonlik gedoen het.

Ek glo dat Hy weer opgestaan het as bewys daarvan dat Hy die kwaad oorwin het.

Ek glo in God — God die Heilige Gees.

Ek glo dat Hy dit wat Jesus vir my verwerf het waar maak in my lewe, my oortuig van die sonde in my lewe en my verseker van die verlossing.